

**18 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 20:1-10**

**Fokusgedeelte: Psalm 20:2**

**Ons veg op ons knieë**

Die volk sing hierdie Psalm vir hulle koning, sodat hy in die oorlog die oorwinning kan behaal. Dit was vir hulle baie belangrik, want die koning se voorspoed was hulle voorspoed.

Soos die koning destyds, ken ons elkeen ook 'n dag van nood en stryd. Waarna gryp ons as hierdie moeilike dae aanbreek? Na ons eie talente of vernuftigheid? Die Psalm waarsku ons dat dit sal misluk. Ons moet onself beskerm met die "Naam van Jakob's God". Hierdie woorde herinner ons aan God se verbond met Jakob. Hy kom sy verbond met Jakob na as die groot Koning, Jesus Christus, uit die geslag van Jakob gebore word.

Hierdie Koning is aarde toe gestuur om te kom oorwin, en Hy het. Ons lot is met die lot van ons Koning, Jesus Christus, verbind. Wat 'n heerlike verbinding! Hy het die dood oorwin, daarom sal ons wat in Hom glo, ook die dood oorwin.

Hy het die sonde oorwin. Daarom kan ons met vertroue die stryd teen die sonde aanknoop. Selfs teen daardie sonde waaraan jy al gewoond is en waaroor jy dalk al tou opgehou het. Jy is tog nie alleen nie. En onthou, jy is ook mos 'n koning. Gaan nou en veg soos 'n koning – saam met die groot Koning, Jesus – en oorwin daardie sonde.

Onthou, ons veg nie teen mense nie, maar teen die bose geeste in die lug. Ons veg nie met ons vuiste nie, maar op ons knieë, deur die krag van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 20:1, 2 (Totius)*

*Ds D van't Zand (Witpoortjie)*